NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE U.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP DONDERDAG 3 JULIE 1958.

TEENWOORDIG:

Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors.) Dr. B.J. Odendaal,
Ds. H. le C. Taute, as lid van die deputasie en
Ds. E.P.J. Kleynhans, as secundus-lid van die U.K.

OPENING:

Ds. P.S.Z. Coetzee open die vergadering met gebed en spreek 'n woord van dank teenoor die deputasie.

1. SEKRETARIS:

Dr. B.J. Odendaal word in die afwesigheid van die Sending-Sekretaris gevra om as Sekretaris van die U.K. te ageer.

2. MOBILIKHEID TE BULAWAYO:

Besluit dat aan die Scriba Synodi van die Bantoe Geref. Kerk 'n skrywe gerig sal word dat vir reiskoste van beoogde samespreking tussen Moderature van Bantoe Geref Kerk,en Shona Geref Kerk oor bogenoemde aangeleëntheid by laasgenoemde Moderatuur aansoek gedoen word.

3. VERTEENWOORDIGING OP CHRISTELIKE LEKTUURFONDS VIR BANTOE:
Word by S.A.S.K. aanbeveel dat die verteenwoordiger van die N.G. Kerk in die O.V.S. ook die belange van die Bantoe Geref. Kerk sal behartig.

4. ASSESSOR BANTOE GEREF. KERK:

Die Actuarius Synodi van die N.G. Kerk in die O.V.S. sal advies gevra word oor die aangeleëntheid van presidering deur 'n nie-blanke Assessor Synodi van die Bantoe Geref. Kerk by ontstentenis van die Moderator Synodi, (vergelyk Konstitusie van die Ned. Geref Sendingkerk van die O.V.S. in Rhodesië, Art. 5, punt 3).

5. Ondertekening Art.12 deur verplaaste Sendelinge verwys na Permanente Regskommissie vir advies.

6. GEDENKFONDS DS. D.J. KRIEL:

Besluit om dit by S.A.S.K. aan te beveel.

7. ONKOSTE OPKNAPPINGSKURSUS:

Verwys na S.A.S.K.

8. BUITEPOSTE:

Die aangeleëntheid van pensioene van Buitepos Onderwysers word verwys na S.A.S.K.

9. INDELING OPV. DEPARTEMENT:

Aan die Voors. en Dr. B.J. Odendaal word opgedra om die saak met Mnr. Miles te bespreek.

2/ .....

10. FINANSIELE POSISIE VAN SENDELINGE:

Aan die Voors. en Dr. B.J. Odendaal word opgedra om dit met Mnre. S.J. Naudé en J.C. van Graan te bespreek, waarna al die weë en implikasies voor die S.A.S.K. gelê sal word.

11. APARTE FUNGERING C.R.K. EN W.R.K.:

Die Scriba Synodi word genader i.v.m. 'n uittreksel uit die Notule van die A.S.K. oor die deel van die ooreenkoms met die N.G. Kerk in Transvaal wat handel oor die Sending.

12. MOONTLIKE SENDINGWERKERS:

(i) Mnr. G. Scheepers: 'n Brief sal aan Mej. Bruwer gerig word vir die adres van Mnr. Scheepers en daarna sal Mnr. Scheepers genader word.

(ii) Mnr. Rossouw: 'n Brief sal aan Mnr. J.M. Badenhorst gerig word oor nadere besonderhede en adres van Mnr. Rossouw.

13. MEDIESE-ONKOSTE VAN SENDELINGE:

Die Voors. van die Sendingraad word 'n volledige opgawe hiervan oor die afgelope tyd gevra.

14. ONBETAALDE BONUSSE GETROUDE WERKSTERS:

Die Saakgelastigde sal op die saak ingaan.

15. DEPUTASIEWERK SENDELINGE:

Dit kom op die Agenda van die S.A.S.K.

Ds. E.P.J. Kleynhans sluit met gebed.